Kontak ons

Die Leeskamer is oop: Maandag – Vrydag, 08:00 – 16:00 en die eerste en derde Saterdag van die maand, 08:00-14:00.

Kontak ons voor die tyd sodat ons jou kan help om jou besoek te beplan.

Vir groepsbesoeke/programme/toere by die Argief of by jou adres, kontak 021 483 0456.

Roelandstraat 72, Kaapstad, 8001
Privaat Sak X9025, Kaapstad, 8000
Tel: 021 483 0400
E-pos: archives.clientservices@westerncape.gov.za

www.westerncape.gov.za/cas

Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Regering

Kultuursake en Sport

Wat is argiewe?






Wat is **argiewe?**

Argiewe versamel rekords van die verlede. As ons in die toekoms na hierdie rekords kyk, kan dit ons iets oor 'n tydperk, 'n regering, 'n organisasie of 'n persoon vertel.

Die rekords kan in enige formaat wees – gedrukte dokumente of dokumente wat geskryf is, kaarte, planne, sketse, foto's, oudio of video, of elektroniese data.

Argiewe hou hierdie spesiale rekords vir altyd veilig sodat almal dit kan gebruik.

Wat is die **Wes-Kaapse Argief?**

Die Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaapse hou:

- Openbare rekords (20 jaar of ouer) – geskep deur die verskeie regerings van die Wes-Kaap vanaf 1651.
- Nie-openbare rekords – geskep deur mense of organisasies wat dit aan ons skenk om dit veilig en toeganklik te hou.
- Historiese foto's.
- Kaarte, planne en sketse vanaf die 17de eeu.

Hoekom is **argiewe belangrik?**

- Dit gee bewyse oor wat in die verlede gebeur het.
- Om die stories van mense en plekke van die verlede te vertel.
- As 'n provinsie bou dit aan ons identiteit en kultuur deur ons verlede te verduidelik.
- Ons kan seker maak dat die regering goed werk vir die mense, want almal kan in die rekords sien wat die regering gedoen het.

Wie kan **die Argief gebruik?**

Enigiemand kan vir enige tipe navorsing die argiewe gebruik. Dit is gratis.

Hoe **gebruik jy die Argief?**

Stap 1: Waarna is jy op soek?

Doen navorsing oor jou onderwerp. Watter spesifieke vrae wil jy antwoorde voor hê? Jy kan ook begin deur na rekords op ons aanlyn databasis te kyk: http://www.nationalarchives.gov.za/node/737

Stap 2: Vra 'n argivaris

Wanneer jy na die Argiewe kom, sal ons personeel jou vra waarna jy soek en jou lei na waar om jou navorsing te begin. Argiewe is baie anders as biblioteke, so jy gaan hulp benodig.

Stap 3: Doen jou eie navorsing

Jy sal deur inventarisse (lyste van die verskillende groepe rekords) moet werk om die tipe rekord te kry wat jou antwoorde gaan gee. Jy gaan die nommers neerskryf van die rekords wat jy na wil kyk. Die oorspronklike rekords sal na jou gebring word. Jy gaan in ons Leeskamer werk en die reëls moet volg om die rekords veilig te hou. Jy gaan baie tyd, geduld en 'n potlood benodig (ink word nie in die argiewe toegelaat nie).

Stap 4: Haal jou bronne aan s

Jou navorsing moet, in soveel besonderhede as moontlik, altyd wys waar jy die inligting gekry het.